

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 8**

**23 Februarie 2025**

## Tyd – is kosbaar en onvervangbaar.

“Tyd” is een van die mees gebruikte woorde in die Skrif. Met uitsondering van woorde soos dae, jare, minute of seisoene, verskyn die woord “tyd” byna twee keer meer as die woord “sonde”. Tyd is waarskynlik een van die kosbaarste geskenke wat aan enige mens toevertrou is.
Wat moet ons met tyd doen? Ons word beveel om dit:

- Te gebruik: Ester 4:14: “Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!”
- Te wardeer: Prediker 3:11: ”God het elke ding gemaak dat dit pas in ‘n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens ‘n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.”
- Te tel: Ps 90:12 “Leer ons om ons dae so te tel dat ons ‘n wyse hart mag bekom!”
- Te bestuur: Joh 9:4: “So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie.”
- Uit te koop: Kol 4:5: “Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit.”
- Ten beste aan te wend: Ef 5:15-16: “Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit [maak die beste gebruik van elke geleentheid], omdat die dae boos is.”
  Ef 5:16 gebruik ‘n metafoor van handelaars en verkoopslui wat die seisoen vir handel en die koop en verkoop van goedere ten beste moet benut. As Christene moet ons handel as die tyd daar is, of die geleentheid gaan verlore.
  Chronos en Kairos
  Die twee Griekse woorde wat die meeste vir “tyd” in die NT gebruik word, is chronos en kairos. Albei beteken “tyd”, maar dui op twee verskillende begrippe. Chronos verwys na die minute en ure wat ons elke dag so kosbaar uitmeet. Kairos, soos gebruik in Ef 5:16 verwys na ‘n seisoen of ‘n “regte” tyd. Dit is ‘n tyd wat op ‘n geleentheid dui.
  Die chronos-beskouing: Ons dink aan 24 ure in ‘n dag. Ons tel die getal ure wat ons werk, die lys ander dinge wat ook nog gedoen moet word en daar is net soveel tyd om alles gedoen te kry.
  Die kairos beskouing: Ons het ‘\n kort tydjie om ons kinders te lei terwyl hulle nog klein is. Wanneer ‘n vriend ly, het ons in daardie oomblik ‘n kans om na hom uit te reik. Ons ontvang ‘n kairos oomblik wat van ons chronos-tyd verg, maar die kairos-geleentheid het ‘n vervaldatum. As jy dit mis, is dit verby.
  Moenie dat jou toewyding aan chronos jou jou kairos-geleenthede laat mis nie.

- Mike Burnard -

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Carin Meyer
- Nettie Badenhorst
- Carin Wilsenach
- Jan Viljoen

Danie Theron
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Anna Chandler
Wikus Holtzhausen
Jaap Naudé
Elma Swart
tannie Charmain Venter
Maud Kleynhans
Michelle Cowley
Hannah Bylsma

**Gedagte vir die week**

**Moenie jou jare tel nie (chronos),**
**laat jou jare tel (kairos).**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org